


PRAYER SERIES
7 April 2019
WEEK 05
Jaco van Rooyen
Het ons spesifieke gebedswapens?
shofar
christian church



Handelinge 2:1-4 (AFR.83)
Die uitstorting van die Heilige Gees

1 Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle
almal op een plek bymekaar. 2 Skielik was daar 'n geluid uit
die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die
hele vertrek gevul waar hulle gesit het. 3 Hulle het iets soos
vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle
gekom het. 4 Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle
het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan
hulle gegee het om onder sy leiding te doen.



Handelinge 2:38-41 (AFR.83)
38Toe antwoord Petrus hulle: “Bekeer julle en laat elkeen
van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en
God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as
gawe ontvang. 39Wat God belowe het, is vir julle en vir julle
kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here
ons God na Hom toe sal roep.”
40Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle
aangespoor: “Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense
uit.”
41Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent
drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die
gelowiges gevoeg.

Handelinge 10:1-16 (AFR. 83)
Petrus en Kornelius

1In Sesarea was daar 'n man met die naam Kornelius, 'n
kaptein in die sogenaamde Italiaanse regiment. 2Hy was
godsdienstig en godvresend, hy en sy hele huisgesin. Hy het
baie gedoen om die armes onder die Joodse volk te help en het
gereeld tot God gebid.
3Een middag teen drie-uur het hy in 'n gesig duidelik 'n engel
van God na hom toe sien kom wat na hom roep: “Kornelius!”
4Kornelius het hom verskrik aangekyk en gevra: “Wat is dit,
Meneer?”
Die engel sê toe vir hom: “God het gelet op jou gebede en op


5Stuur nou dadelik mense na Joppe toe en laat daar 'n sekere
Simon haal wat ook Petrus genoem word. 6Hy is tuis by 'n
ander Simon, 'n leerlooier, wat by die see woon.”
7Nadat die engel wat met hom gepraat het, weggegaan het, het
Kornelius twee van sy huisbediendes en een van sy lyfwagte, 'n
godsdienstige soldaat, geroep. 8Hy het hulle alles vertel en hulle
na Joppe toe gestuur. 9Die volgende dag teen twaalfuur die
middag, toe hulle op hulle reis al naby die dorp was, het Petrus
opgegaan na die dakstoep van die huis om te bid. 10Hy het later
honger geword en hy wou iets hê om te eet. Terwyl die mense
die ete klaargemaak het, het hy in geesvervoering geraak.

11Hy het die hemel oop gesien en iets soos 'n groot doek wat
aan sy vier punte neergelaat word, sien afkom grond toe.
12Daarin was van al die viervoetige en die kruipende diere van
die aarde en van al die wilde voëls. 13Hy hoor toe 'n stem vir
hom sê: “Kom, Petrus, slag en eet.”
14Maar Petrus sê: “Nooit nie, Here! Ek het nog nooit iets geëet
wat onheilig of onrein is nie.”
15Hy hoor die stem toe weer, die tweede keer, vir hom sê:
“Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie.”
16Dit het drie keer gebeur, en daarna is die doek weer in die
hemel opgetrek.

Handelinge 10:44-48 (AFR. 83)
Mense wat nie Jode is nie, ontvang die Heilige Gees

44Terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal
gekom wat na die woord geluister het. 45-46Toe die Joodse
gelowiges wat saam met Petrus gekom het, hoor hoe die
mense ongewone tale of klanke gebruik en God prys, was hulle
baie verbaas dat die Heilige Gees as gawe uitgestort is ook op
mense wat nie Jode is nie. En Petrus sê: 47“Hierdie mense het
net soos ons die Heilige Gees ontvang. Wat kan dan verhinder
dat hulle nou met water gedoop word?” 48Toe het hy beveel
dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop moet word.
Daarna het hulle hom gevra om 'n paar dae by hulle te bly.


1. Hy bring ons harte in lyn


Jesaja 56:3-5 (AFR. 83)
3 'n Nie-Israeliet wat by die volk van die Here aangesluit het,
moenie dink: die Here sal my van sy volk afsny nie.
'n Ontmande moenie van homself dink:
ek is maar 'n droë boom nie.
4 So sê die Here:
Aan die ontmandes wat my sabbatte onderhou,
wat kies vir wat Ek wil,
en wat lewe volgens my verbond,
5 aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure
'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters.
Ek sal aan sulke mense 'n naam gee
wat nie uitgewis sal word nie.



# 2. HY openbaar die oes aan ons


Johannes 17:9 (AFR. 83)
9 “Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld
nie maar vir dié wat U My gegee het,
omdat hulle aan U behoort.



Efesiërs 2:22 (AFR. 83)
22in wie julle ook saam opgebou word as
'n geestelike huis waarin God woon.


2. Hy openbaar die
oes aan ons



# Built together in corporate prayer

- Korporatiewe stem
- Korporatiewe salwing


3. Hy rus ons toe vir die opdrag



Handelinge 8:14-17 (AFR. 83)
14 Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense
in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle
vir Petrus en Johannes daarheen gestuur. 15 Dié het
toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die
Heilige Gees mag ontvang, 16 want die Gees het nog
nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die
Naam van die Here Jesus gedoop. 17 Die apostels het
hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees
ontvang.